



Forum Sekuriteit se gebruiksvoorwaardebeleid: Webtuistes en webportale

Naam van dokument: Forum Sekuriteit se gebruiksvoorwaardebeleid
Jongste hersieningsdatum: 28 April 2021
Weergawe: 1.0

Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatekureitheidsdiensverskaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



Vrywaring

Hierdie beleidsdokument, enige bybehorende aanhangsel(s) en enige regte hieraan verbonde is die eiendom van Forum Sekuriteit, tensy die konteks duidelik anders aandui. Dit is vertroulik, privaat en slegs bedoel vir die geadresseerde, en mag slegs deur die geadresseerde gebruik word vir die spesifieke doel waarvoor die beleidsdokument aangevra is. Die geadresseerde moet alle persoonlike inligting wat hierdeur tot sy of haar kennis of in sy of haar besit kom as vertroulik hanteer en mag dit nie openbaar maak sonder die instemming van Forum Sekuriteit nie.

Forum Sekuriteit aanvaar geen enkele verantwoordelikheid vir enige verlies of skade, op watter manier ook al opgedoen of gely, wat voortvloei uit, of die gevolg is van, die gebruik van die inligting in hierdie beleidsdokument of enige aanhangsel(s) daarvan.

Forum Sekuriteit is 'n geregistreeerde privaatsekuriteitsdiensverskaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



Inhoudsopgawe

Inleiding	4
Vrywaring en beperking van aanspreeklikheid	4
Privaatheid	5
Koekies	5
Intellektuele eiendom	5
Toestemming om skakels te plaas na Forum Sekuriteit se webtuiste of -portaal	6
Skakels na webwerwe van derde partye	6
Algemene sake	6

Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatssekuriteitsdiensverskaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M. Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



Inleiding

Deur gebruik te maak van enige webtuiste of webportaal van Forum Sekuriteit, stem jy daartoe in dat die gebruiksvoorwaardes op jou van toepassing sal wees. Die gebruiksvoorwaardes tree in werking wanneer jy enige webtuiste of webportaal van Forum Sekuriteit vir die eerste keer besoek en dit laat 'n bindende ooreenkoms tot stand kom tussen Forum Sekuriteit en jouself, wat deurentyd sal geld.

Tensy enige ander ooreenkoms tussen ons die teendeel bepaal, word toegang tot die dienste wat aangebied word deur hierdie webwerwe of -portale gratis aan jou voorsien, op die basis van wat op daardie oomblik beskikbaar is. Forum Sekuriteit doen sy uiterste bes om die gehalte van die dienste wat aangebied word, te handhaaf, maar besoekers kan nie aanvaar dat die webtuiste of -portaal foutvry is of dat dit geskik sal wees vir die spesifieke doel wat hulle in gedagte het wanneer hulle daarvan gebruik maak.

Die inligting wat op die webtuiste of -portaal geplaas word, is daarop gemik om jou, as die gebruiker of as lid, te help om in interaksie te tree met Forum Sekuriteit of om jou kennis te vergroot oor die besonderhede van Forum Sekuriteit as 'n organisasie asook die dienste, optrede, doelstellings en doelwitte wat dit bied. Voordat jy enige optrede onderneem wat gegrond is op, of handel oor, die inligting, optrede, doelstellings en doelwitte van Forum Sekuriteit soos uiteengesit op die webtuiste of -portaal, of enige spesifieke inligting wat verskyn daarop, behoort jy professionele raad in te win wat passend is vir jou beplande optrede.

Forum Sekuriteit is die eienaar van die domein "forumsekuriteit.co.za". Geen ander persoon of entiteit het enige regte ten opsigte van hierdie domein nie. Indien jy gekontak word deur of afkom op enige webtuiste (behalwe hierdie een) wat voorgee om die amptelike webtuiste of -portaal van Forum Sekuriteit te wees, versoek ons dat jy dit rapporteer aan Forum Sekuriteit by navrae@forumsekuriteit.co.za.

Vrywaring en beperking van aanspreeklikheid

Gebruik van hierdie webtuiste en -portaal geskied op eie risiko.

Forum Sekuriteit lewer geen waarborg of maak generlei voorstelling van enige aard (eksplisiet of implisiet) met betrekking tot hierdie webtuiste en/of -portaal of die inhoud daarvan nie.

Forum Sekuriteit kan nie verantwoordelik gehou word nie vir enige besering, verlies, onkoste of skade van watter aard ook al wat gely word of opgedoen word deur toegang tot hierdie webtuiste en/of -portaal, deur die gebruik van enige diens wat aangebied word op hierdie webtuiste of portaal, vir watter rede ook al, insluitende maar nie beperk tot enige besering, verlies of skade wat gely word as gevolg van:

- foute of teenstrydighede in die inligting wat voorsien word;
- enige ongemagtige toegang of wysigings van hierdie webtuiste of -portaal deur derde partye;
- enige bedryfstoring of defek aan enige toerusting of toegangsmedium tot hierdie webtuiste of -portaal;
- enige sturing of onbeskikbaarheid van hierdie webtuiste of -portaal, of van enige fasiliteite of stelsels van derde partye wat daartoe lei dat die webtuiste of -portaal nie toeganklik is nie, of

Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatekureitiediensteverkaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



dat enige transaksie waarna op hierdie die webtuiste of -portaal verwys word of wat aangebied word daarop, nie verwerk kan word nie;

- die vernietiging van of onsuksesvolle toegang tot jou persoonlike inligting of toerusting, of die toerusting van enige derde party waarvan jy gebruik maak om toegang te verkry tot die webtuiste of -portaal; of
- enige wysiging, aanpassing, opgradering of opdatering van die webtuiste of -portaal, of van enige tegnologie, apparatuur of programmatuur, of die aanpassing van sagteware wat deel mag uitmaak van hierdie webtuiste of -portaal.

Jy vrywaar Forum Sekuriteit hiermee teen enige opeising, skade-eis of optrede ten opsigte van direkte, indirekte, strafregtelik gebaseerde of gevolgskaade of bevel teen Forum Sekuriteit wat verband hou met u gebruik van die webtuiste of -portaal, of sodanige opeising, skade-eis of optrede direk of indirek tot stand gekom het al dan nie, vir watter rede ook al.

Forum Sekuriteit behou hom die reg voor om te enige tyd, in sy absolute diskresie, hierdie webtuiste of -portaal of enige onderdeel daarvan te wysig, aan te pas, op te gradeer of op te dateer, of om dit op te skort of te onttrek.

Privaatheid

Sien asseblief in hierdie verband Forum Sekuriteit se privaatheidsverklaringsbeleid soos geplaas op ons webtuiste en -portaal.

Koekies

Sien asseblief in hierdie verband Forum Sekuriteit se webtuistekoekiebeleid soos geplaas op ons webtuiste en -portaal.

Intellektuele eiendom

Forum Sekuriteit behou alle kopiereg en ander intellektuele-eiendomsreg ten opsigte van alle materiaal, insluitende logo's en ander grafiese materiaal en multimediamerk, wat gepubliseer word op enige van sy webwerwe of -portale. Besoekers word gemagtig om die inligting te bekyk en daardeur te navigeer op voorwaarde dat:

- die materiaal vir persoonlike gebruik is en nie vir enige kommersiële doeleindes nie, en
- enige reproduksie van materiaal wat aan ons behoort van hierdie webtuiste of onderdeel daarvan verbode is.

Die logo's en handelsmerke wat op hierdie webblaaie verskyn, is ons eie geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke, of dit is die eiendom van derde partye. Niks op hierdie webtuiste of -portaal behoort uitgelê te word as die toestaan van enige lisensie of reg om enige van hierdie handelsmerke te gebruik sonder ons voorafverkreë skriftelike toestemming en/of die toestemming van derde partye nie. Dit is ontoelaatbaar om sonder ons voorafverkreë skriftelike toestemming ons intellektuele eiendom of die eiendom van derde partye te gebruik vir enige ander doeleindes.

Enige aansoek om gebruik te maak van ons intellektuele eiendom moet gerig word aan navrae@forumsekuriteit.co.za. Na ontvangs van jou aansoek sal ons ons bes doen om te antwoord

Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatsekuriteitsdiensverskaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M. Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



en die saak verder met jou te bespreek. Indien jy nie 'n skriftelike reaksie van ons kry binne 20 (twintig) werksdae nie, moet jy aanvaar jou aansoek is van die hand gewys.

Toestemming om skakels te plaas na Forum Sekuriteit se webtuiste of -portaal

Niemand mag 'n hiperskakel, raam, metamerker of soortgelyke verwysing (in algemene gebruik "skakels" genoem), hetsy in elektroniese of enige ander formaat, plaas na hierdie webtuiste of enige ondergeskikte webbladsye sonder ons voorafverkreë skriftelike toestemming nie, wat toegestaan of weerhou mag word onderhewig aan die voorwaardes soos deur ons van tyd tot tyd uiteengesit.

Enige aansoek vir die plasing van 'n skakel moet gerig word aan navrae@forumsekuriteit.co.za. Na ontvangs van jou aansoek sal ons ons bes doen om te antwoord en die saak verder met jou te bespreek. Indien jy nie 'n skriftelike reaksie van ons kry binne 20 (twintig) werksdae nie, moet jy aanvaar dat jou aansoek van die hand gewys is.

Skakels na webwerwe van derde partye

Sommige van ons webblaaie mag skakels bevat na ander webwerwe, met inligting en materiaal wat deur derde partye geproduseer is. Alhoewel ons probeer om slegs skakels te voorsien na betroubare webwerwe, kan ons nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid aanvaar vir die inligting wat voorsien word op ander webwerwe nie. 'n Skakel vanaf ons webtuiste of -portaal na enige ander webtuiste beteken nie dat ons die eienaars of administrateurs van sulke webwerwe, of hulle sake- en veiligheidstelsels of bedrywighede, nagegaan het of onderskryf nie.

Algemene sake

Die voorwaardes vervat in hierdie beleidstuk mag van tyd tot tyd aangepas word. Deur toegang te verkry tot die Forum Sekuriteit -webtuiste en/of -portaal is jy outomaties gebind aan die weergawe van die voorwaardes soos gepubliseer ten tye van enige besoek aan sodanige webtuiste en/of -portaal. Jy stem in met die weergawe soos geldig op die betrokke tydstip waarop jy toegang verkry tot hierdie webblaaie.

Niks wat voorkom op hierdie webtuiste en/of -portaal moet beskou word as 'n aanbieding nie maar bloot as 'n uitnodiging om betrokke te raak by ons organisasie of om as lid daarvan in te skryf.

Indien enige bepaling van hierdie gebruiksvoorwaardes nie afdwingbaar is op grond van watter rede ook al, sal die oorblywende bepalings nogtans van toepassing bly.

Die wette van die Republiek van Suid-Afrika is van toepassing op hierdie gebruiksvoorwaardes asook op die verhouding tussen jou en Forum Sekuriteit vir sover dit die gebruik van ons webtuiste en/of -portaal aangaan of enige kwessie wat daaruit mag voortvloei.

Verbreking of nienakoming van hierdie voorwaardes gee ons die reg om oor te gaan tot regsaksie teen jou sonder voorafgaande kennisgewing, en jy onderneem hiermee om die koste wat voortvloei uit sodanige regsaksie aan ons te vergoed op 'n prokureur- en kliëntskaal.

Onderteken: _____

Datum: _____

Forum Sekuriteit -inligtingsbeampte

Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatsekuriteitdiensteverskaffer (PSiRA-registrasienuommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013



Forum Sekuriteit is 'n geregistreerde privaatekureitdiensteverskaffer (PSiRA-registrasienommer 2923180)

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion **Posadres:** Posbus 17216, LYTTELTON, 0140 **Tel.:** +27 (0)12 881 0013 **Faks:** 012 664 1281
E-pos: info@forumsekuriteit.co.za **Direkteure:** N.H. Arnold, C.C. Cooks, J.M Kamfer, E. Richter, T.C. Thiebaut, L. van der Merwe en J.J. Wessels

012 881 0013